

Hoofstuk van die dag: Esegiël 11

> *Ek sal hulle ’n ander hart gee en ’n nuwe gees onder hulle laat posvat, Ek sal die kliphart uit hulle liggaam verwyder en hulle ’n hart van vleis gee. (Eseg 11:19)*

Die grootste krisis wat ’n mens kan tref, is om afgesny van

God en sy liefdevolle beskerming en genade te wees. Dit is wat die ballinge beleef het. Hulle is ver verwyder van die tempel en alles wat hulle herinner het dat die Here na hulle omsien. God verseker hulle egter by monde van sy profeet dat Hy nie in Jerusalem agtergebly het nie. Trouens, in die vreemde het Hyself vir hulle ’n heiligdom geword (vers 16).
Jesus het dit ook vir die Samaritaanse vrou bevestig (Joh 4:23). God is nie ingeperk in ’n tempel of kerkgebou nie; Hy is oral waar jy is.
God gee nog ’n belofte aan sy volk: dat Hy sal sorg dat daar by hulle ’n hartsverandering sal posvat. Hy sal die koppige eiesinnigheid wegneem en ’n ontvanklike hart vir sy mense gee (vers 19-20). Dié belofte het Hy op Pinksterdag vervul toe Hy sy Gees gegee het om in gelowiges te woon en te werk.
Dat ek en jy, anders as die Jode van destyds, gelowig kan volhard, is ’n gawe Gods.

Naskrif: Ons is nou op die vooraand van die Paasnaweek, die hoogtepunt van die kerkjaar. Vanaand gaan baie gemeentes die nagmaal vier, gedagtig aan die heel eerste nagmaal daardie aand voor Jesus gevange geneem is. Môre is dit Goeie Vrydag, waarop ons Jesus se kruisiging herdenk. Van my en Elmien: Geseënde Pase!

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026